Boodskap van die week
Die Gees maak ons een!

Pinksterfees is daardie tyd van die jaar waar ons dink aan die Heilige Gees wat op Pinksterdag uitgestort is, en wat die kerk wat Jesus kom stig het, kom bekragtig. Jesus se bediening is klaar, Hy het gesterf, opgestaan en opgevaar in die hemel, en nou is die bediening van die versoening aan ons toevertrou. Alhoewel ons lees van die mooi dinge wat die Gees kom doen bv gawes wat Hy gee en die vrug van die Gees wat ons dra, kan die Gees se invloed in ons lewe gemeet word aan dit wat binne-in ons gebeur. Voordag ons na buite die vrug kan dra, moet ons binne in gereedgemaak word deur ons denke te vernuwe, tyd met die Here hê en in myself ritmes en gewoontes ontdek waar ek elke dag toelaat dat die Gees my kom nuut maak, om op die ou end my gedrag te bepaal. Daarom ons tema: Die Heilige Gees maak ons anders….van binne na buite!

Luister weer wat Jesus bid oor ons as gelowiges…
Uit die Woord… Johannes 17
Joh 17: 10Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik. 11Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. “Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.

21Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

Dan skryf Paulus in die brief aan die Efesiërs hfst 4, wat sal gebeur met ’n gemeente wat die Heilige Gees die ruimte gee om gawes te gee en mense nuut te maak:
13So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.
Wat sê dit oor God en sy plan?

1. Wat dink jy was Jesus se plan met die kerk oorspronklik? Wat moes die wees, en doen? Hoe sy jy die hooftaak van die kerk?
2. Wat sien jy in Johannes 17, wat het ons om ons te help om kerk te wees?
3. Dink jou in: jy is saam met ’n klompie gelowiges, onseker-opgewonde, en nou hoor en sien jy vreemde dinge: harde wind, tonge soos vuur, mense praat in vreemde tale! Wat sou jy, indien jy ’n gelowige in Handelinge 2 se tyd was, vir God wou vra?

Wat vir vandag?

4. Wat is vir jou lekker en wat is vir jou sleg van die kerk? Wat mis jy die meeste (en die minste!) in hierdie inperkingstyd?
5. Watter nuwe insigte het jy gekry oor die plek wat die kerk behoort te speel in ons lewe?
6. Hoe sal ’n gemeente lyk wat soos Ef 4: 13 sê, soos ’n volgroeide mens is?

Uitgedaag…
Dink mooi oor wat jy vir die Heilige Gees wil vra. Hoe moet jy nuut word om soos God vra, een met ander gelowiges te wees? Gaan wees dit! ds

Gebed: Vra die Heilige Gees om in Pinkstertyd jou ontvanglik te maak vir ’n geestelike hartoperasie, waar Hy jou ’n nuwe hart kom gee: ’n hart van vleis ipv ’n hart van klip.

Wees Anders...

...Want Jesus is Anders...

SUIDER-PAARL GEMEENTE